BabyGym®
Institute South Africa

SUKSES stories

Ons hele gesin neem deel aan BabaGim®

Ilze Roth

Ek is as BabaGim® Instrukteur opgelei net voordat ons dogtertjie, Elle, 1 jaar oud geword het. Die besluit om Instrukteur te word was gegrond op my positiewe ervaring wat ek met Elle by Lynette van Wyk, ons BabaGim® Instrukteur, gehad het. Ek kon sien hoe ons klein mensie ontwikkel en hoe sy in vergeleke met ander kindertjies van haar ouderdom meer bewus is van haar omgewing en haar lyfie in haar omgewing. Dit het werklik vir haar selfvertroue gegee wat baie van haar maatjies nie het nie.

Ons het die 2de Januarie 2015 die ongelooflike voorreg gehad om ons tweede kind, 'n babaseuntjie genaamd Adam, in die wêreld te verwelkom! Om te verseker dat Adam ook die nodige boublokke vir 'n beter brein ontwikkel, het BabaGim® vining 'n groepsaktiwiteit in die Roth-huishouding geword. Ek het na die geboorte ongelukkig 'n slegte reaksie tot van die medikasie in die teater gehad en ek kon my seuntjie vir net 'n baie kort tydjie op my bors vashou, maar gelukkig het Pappa Benlloyd die voorreg gehad om vel-tot-vel-kontak met Adam te geniet. Ek het gelukkig vining herstel en kon meeste van Adam se eerste dag met hom op my bors lê. Ek kon ook uiteindelik eersdehands sien hoe die massering van die palm die suigrefleks stimuleer; dit was regtig lekker om dit wat ek vir die mammas in my BabaGim® klassie leer- self te ervaar!

Toe Adam 2 wekies oud was het hy en Pappa my BabaGim® 2: Ferm Grondslag klassies bygewoon. Pappa Benlloyd het die alleentyd waar hy net op Adam kon fokus so beskryf: baie spesiaal, leersame en insiggewend. Hy het die masserings onmiddellik begin toepas en week-na-week die aktiwiteite pligsgetrou by die huis gedoen.

Ook ons dogtertjie, Elle, nou 2 en 'n half jaar oud is lief daarvoor om die "varkie parkie"(this little piggy went to market) speletjie met haar boetie se tone te speel. Elle geniet self ook nog die masserings en veral week 2 se bal oefeninge!

In week 4 van BabaGim® leer ons hoe verskillende tale en taalrolmodelle belangrik is, deur slegs Xhosa met Adam te praat, dra Cecilia ons huishulp, ook nou tot Adam (en Elle) se BabaGim®-ervaring by.

BabaGim® het werklik die laaste 8 weke 'n toegewyde lewenswyse in ons gesin geword.